



Verwysing: 20210512-2924  
Lêerno.: 13/8/3  
Navrae: CA Berry

Eksamenadministrasieminuut: 0005/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandideer vir die Nasionale Senior Sertifikaat-, Senior Sertifikaat-, en Onderwys en Opleiding vir Volwasse Vlak 4-eksamen voorberei

**Onderwerp: Norme en standaarde vir die skool se instapkluis/brandkluis en die hantering van die instapkluis/brandkluis se sleutels**

1. Die beleid betreffende die norme en standaarde vir die skool se instapkluis/brandkluis en die hantering van die instapkluis/brandkluis se sleutels, is in Oktober 2020 aan alle skole en eksamensentrums uitgereik.
2. Die Mei/Junie 2021 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)- en Senior Sertifikaat (SS)-eksamen begin op **26 Mei 2021**, en die Mei/Junie 2021 Onderwys en Opleiding vir Volwasse Vlak 4 (OOV V4)-eksamen begin op **31 Mei 2021**.
3. Prinsipale van skole en sentrumbestuurders van gekombineerde en OOV-sentrums word daaraan herinner om hierdie beleid noukeurig te volg en dit gedurende die afneem van die Mei/Junie 2021 NSS-, SS- en OOV V4-eksamen toe te pas.
4. Die Departement van Basiese Onderwys en die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal die eksamensentrums gedurende die afneem van die Mei/Junie 2021 NSS-, SS-, en OOV V4-eksamen oudit en monitor om te verseker dat die eksamenbeleid nagekom word.
5. Die beleid betreffende die norme en standaarde vir die skool se instapkluis/brandkluis en die hantering van die instapkluis/brandkluis se sleutels is as **Bylae A** aangeheg.

6. Twee addisionele bylaes is by die beleid aangeheg vir implementering deur alle openbare, onafhanklike skole en OOV-sentrums gedurende die Mei/Junie 2021 NSS-, SS- en OOV-eksamen.

**Bylae 1** – (Register vir rekordhouding van toegang tot die instapkluis/brandkluis.)

**Bylae 2** – (’n Plakkaat met die kern inligting van die beleid betreffende die norme en standarde vir die instapkluis/brandkluis en die hantering van die sleutels.)

7. Die plakkaat wat as **Bylae 2** hierby aangeheg is, moet teen die deur van die instapkluis/brandkluis vertoon word. Die inhoud van die plakkaat moet ook gedeel word met die tersaaklike toesighouers wat by die administrasie en afneem van die eksamen betrokke is.
8. Prinsipale/sentrumbestuurders moet die beleid lees en die inhoud daarvan onder die aandag van alle personeellede bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED

**WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2021-05-18